MEDIA RELEASE
by CHRISTIAN DEMOCRATIC PARTY (CDP)

23 MAY 2011 (2)

SA se Sosiaal-Maatskaplike Krisis

Uitgereik deur: Dr. Christo Landman, Christen-demokratiese Party (CDP) se woordvoerder oor Grondwetlike Aangeleenthede

Alles dui daarop dat die twee dominante politieke partye – die ANC en DP – wat om dieselfde liberaal-demokratiese meerderheidsteun meeding, SA in 'n dodelike sosiaal-maatskaplike krisis laat inbeweeg het.

Die sleutelwoorde is uitkomsgebaseerde plaaslike regering. Uitkomsgebaseerde plaaslike regering beteken totaal verskillende dinge vir verskillende mense:

- Sommige verstaan daaronder: goeie nie-korrupte regering, lae elektrisiteitsrekeninge en belasting, rybare paaie, ens. In kort: effektiewe plaaslike owerheidsdienste.
- Terwyl andere, in die taal van die "*freedom charter*" daaronder vry behuisding, vry onderwys, vry water, vry elektrisiteit, werk, ens. verstaan. Dus die ideale van 'n sosialistiese heilstaat.

Die party wat die meeste voordele belowe en gee sal op die lang termyn die meeste stemme kry ... totdat die staat bankrot is, soos meeste plaaslike owerhede. Die DA ry die diensteperd bloots. Om al die sosiaal-maatskaplike probleme onder swart woonbuurtes te kan aanspreek sal die DA die ANC moet kan uitpresteer deur miljarde Rand in hierdie woonbuurtes te investeer. Kort voor die verkiesing het Patricia de Lill op TV2 News die volgende verklaar:

> "*The DA in Cape Town wrote off R1,8 billion in money owed to it by the poor and spent more than R1 billion on welfare projects."*

Waar gaan hierdie geld vandaan kom? Die DA het belasting- en tariefverhogings in Kaapstad aangebring wat korrespondeer met ANC-beheerde Metro's. Die salaristrekkende werkende middelklas sal meer en meer deur beide die ANC en DP belas en so verarm word ten einde polities te kan oorleef.

Die implikasie van 'n uitsuigpolitiek van die belasbare salaristrekkende bevolking is verarming. Dit beteken dat die etniese politiek van dr. H. F. Verwoerd nou verruil word vir 'n klassesisteem. Aan die een kant 'n massa groeiende hoeveelheid swart en wit almeer en meer verarmde bevolking, teenoor 'n klein materialistiese en kapitalistiese minderheid. Daarmee is die grondslae geskep van die uiteindelike rewolusie van die arm proletariaat teenoor die eksklusiewe ryk bourgeoisie.

Polokwane voorspel die uitkoms: die ANC hordes wat met taxi's daar aangekom het, het die oorhand verkry oor die ANC elite wat met hulle Duitse limousines daar aangekom het. Wat ons dus op die mediumtydskaal in die oë staar is 'n bloedige rewolusie wat tot 'n volskaalse kommunistiese diktatuur kan lei.

Is daar 'n derde keuse? Ja, daar is! Al die partye wat bg. scenario verwerp, sal as saak van absolute dringendheid byeen moet kom om hande te vat in die realisering van 'n sterk gedesentraliseerde christen-demokratiese federale regstaat. Alliansiepolitiek kan die ANC-DA troonsbestyging onttroon. Die uitslag van die 2011 verkiesing dek die tafel vir krimpende partye soos die CDP, IVP, ACDP, VF+, UCDP en andere om hande te vat en teen die gety in vorentoe te beur.

SA's Socio-Political Crisis

Issued by Dr. Christo Landman, Christian Democratic Party (CDP) spokesperson on Constitutional Affairs

Everything points to the fact that the two dominant political parties, the ANC and the DA, competing for the same liberal-democratic majority votes have manoeuvred the country into a serious socio-economic crisis.

The keywords are outcomes based local government. This can be interpreted in totally different ways.

- Some regard this as a good, non-corrupt government, low electricity bills and rates, roads that are roadworthy etc. In other words, effective local government services.
- To others this means, as they understand from the Freedom Charter – free housing, free education, free water, free electricity, employment, etc. In other words the ideals of a socialist welfare state.

The party promising the most benefits, will eventually have the most votes…until the state is bankrupt as is the case with most municipalities. The DA is riding the service delivery horse at full pace. In order to address the socio-economic issue, the DA will have to beat the ANC at its own game, they will have to invest billions of rands in the townships. Shortly before the election, Patricia de Lille said the following in an interview on E News;

> "*The DA in Cape Town wrote off R1,8 billion in money owed to it by the poor and spent more than R1 billion on welfare projects."*

Where is all this money to come from? The DA is hiking rates and tariffs in Cape Town equalling those in ANC controlled metro's. The middle class, who work for a salary are being taxed more and more and are being impoverished more and more by both the ANC and DA, as they strive to gain political advantage. This means that the ethnic policies of Dr. H.F. Verwoerd have been replaced by a class system. On the one hand we have an ever increasing black and white impoverished population and on the other a black and white capitalist and materialistic minority. With this the scenario is created of an eventual revolution of the poor against the rich bourgeoisie.

Polokwane predicts the outcome: The ANC masses arriving in taxi's, wrested power from the elite arriving in their German limousines. What we face in the medium term is a bloody revolution which may result in a full blown Communist dictatorship.

Do we have a third option? Yes, we have! All the parties rejecting the above scenario need to urgently come together and take hands to bring about a strong decentralised Christian Democratic Federal state based on the rule of Law.

Alliance politics can halt the ANC's hegemony. The results from the 2011 elections pave the way for shrinking parties such as the CDP, IFP, ACDP, FF+, UCDP and others to take hands and so change the present course in the political scene.